# Die BYBEL

(66 Boeke)

Montana Bybelskool

ONS GLO - Die Bybel is Die Woord van God

**2Ti 3:16** Die hele Skrif is deur God **geïnspireer** en het **groot waarde** om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek,
2Ti 3:17 sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

**Neh 8:8** (8:9) Die Leviete het uit die boek, uit die wet van God, voorgelees en dit uitgelê. Hulle het die betekenis weergegee sodat die mense kon verstaan wat gelees word.

Aanbieder: Willem Zaaiman 0825565710

Selfs in die Ou Testament het die Skrif uit te lê en te interpreteer.

Sien ook verse soos :
- Deut 4:10 – "dat hulle kan leer om My te vrees" – dit kom nie van nature nie
- Deut 5:10, 31 – Julle moet dit leer
- Jos 1:8 - Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.
- Spr 1:1-2 ; 2:1-9
- Jesaja 1:3
- Luk 24:45 - Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan. - Sonder God kan ons nie die Skrifte verstaan nie. Dit bly vir ons toegesluit as Hy dit nie vir ons oopmaak nie. (Deut 29:4; Jes 6:9-10; Jes 63:17, Mat 13:11-15; Joh 12:38-40)

# HERSIENING

**<u>Ons het reeds behandel</u>**:

<u>1. Die **Ontstaan van die Bybel**</u>

- Skrif kritiek en Tekskritiek
- Fases van oordrag van die Boodskap
  - Mondelings / sing / oorvertel.
  - Geskrewe – Ongevokaliseerd en Gevokaliseerd
- Teorieë van die ontwikkeling van die Bybeltekste (Manuskripte)
- Proto-Masoretiese Teks (MT) as
  - een van die oudste en oorspronklikste manuskripte gesien kan word
  - <u>'n soort standaard</u> beskou en as vertrekpunt <u>vir enige nuwe vertaling</u>.
  - Unieke gesagsposisie in Joodse kringe (Rom 3:2)
- Doelstellings van tekskritiek

# HERSIENING(vervolg)

- Verskillende vertalings
  - Oorspronklike teks - Bestaan nie
  - Manuskripte - Vele weergawes
  - Vertalings - Alle vertalings is vertalings van manuskripte
  - Vertalings loop 'n skaal van letterlike vertalings (sover die taal waarnatoe dit vertaal word die letterlike woorde kan akkommodeer) tot by parafrases

**SKAAL VAN VERTALINGS**

| Mees suiwer | | | | Minste suiwer |
|---|---|---|---|---|
| **Oorspronklike Teks** | **Manuskripte** | **Vertalings** | | **Parafrases** |
| Nie beskikbaar | Vele | Goeie/Swak Vertalings | | Goeie/Swak parafrases |
| Eng | - | KJV/ ESV | NIV | MSG |
| Afr | - | 1933/53 / NAV /NLV | | Die Boodskap |

**Vertaling** is 'n Bybel wat sover moontlik probeer om 'n woordelikse vertaling te doen van die oudste manuskripte en nuutste inligting beskikbaar na die woorde van die taal waarnatoe dit vertaal word en na woorde toe wat beskikbaar is om dit die beste te omskryf.

Onthou ook taal is lewendig en verander gedurig nie direk woord vir woord vanaf die mees oorspronklikste manuskripte vertaal is nie, maar waar die vertaler of skrywer van die parafrase eerder die bedoeling van die boodskap soos (hy dit verstaan) weergee.

**Parafrase** is 'n Bybel wat nie direk woord vir woord vanaf die mees oorspronklikste manuskripte vertaal is nie, maar waar die vertaler of skrywer van die parafrase eerder die bedoeling van die boodskap soos (hy dit verstaan) weergee.

# HERSIENING(vervolg)

2. **Die gesag (inspirasie) en interpretasie van die Bybel:**

- Meganiese Inspirasie leer – Fundamentaliste
- Relativiste – Elkeen se interpretasie is maar reg – Geen bedoeling van die Gees

- Organiese Inspirasie leer
  - Die boodskap is geïnspireer
  - Kontroles vir geldige Skrifverklaring
  - Erkenning van die gesag van die Bybel behels dus basies 2 dinge:
    - Ons erken dat daar 'n "Bedoeling van die Gees" is en dat die Heilige Gees 'n spesifieke bedoeling met elke skrifgedeelte het, vir die eerste lesers/hoorders sowel as vir die mense van vandag. Dus nie Relativis
    - Ons erken dat alle verstaanwerk van die leser – feilbare mensewerk is. Dus nie Fundamentalis
- Kontroles vir geldige Skrifverklaring
- Die Bybel is God se Woord in mensetaal
- Ons glo die Bybel basies omdat:
  - God die geloof in ons hart geplant het om dit te glo en
  - Jesus Christus die Bybel geglo het
- Nederige voorlopigheid hê in Skrifverklaring

**Mat 9:13** Maar gaan leer wat dit beteken: Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie; want Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering.
**Rom 3:23** want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,
**Rom 5:12** Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het

**Mat 8:12** Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande.

Ons kan dus nie net 'n enkel vers vat wat ons pas en besluit ons weet presies wat dit beteken nie.

# INHOUD

1. Die Ontstaan van die Bybel
2. Die Gesag van die Bybel
    1. Gesag (Inspirasie)
    2. Interpretasie
3. Struktuur / Uitleg van die Bybel
4. Die storielyn van die Bybel
5. Die Bybel – Boek vir boek




Bybel bestaan uit twee testamente of ons kan sê 2 kontrakte – maar nee daar is ’n verskil tussen ’n kontrak en ’n verbond

**Kontrak** – Bestaan uit:

- 2 of meer partye wat onderhandel om
- Sekere prestasies wat gelewer moet word
- en sekere voordele wat bekom gaan word en met
- Sekere voorwaardes wat nagekom moet word en
- sekere boetes / straf maatreëls as nakoming nie geskied nie en dat
- die kontrak teen ’n sekere datum of gebeurtenis tot einde kom

**Verbond (Gal 3:15-17)**

Bestaan uit:

- Presies dieselfde – met die verskil dat daar nie ’n einddatum is nie en
- in die geval dat God die inisiatiefnemer is en die mens nie keuses het in die onderhandeling nie.

**Testament** (**Heb 9:15-20)**

- Kom eers in werking as iemand dood is – Bloed vergiet is




Groot profete en klein profete net gerangskik op grond van die klengte van die boeke en nie dat die een meer belangrike dinge gesê het as die ander een nie

Briewe (13 + 8) – Want Paulus het 13 Briewe geskryf

# Ou Testament

(39 Boeke)

## Joodse Bybel

(Tanakh)

1. Pentateug (Wet/Torah) 5
   - Gen - Deut
2. Eerste Profete (First) 9
   - Joshua,Rigters
   - Samuel, Konings
   - Jesaja Jeremia
   - Esegiël
3. Latere Profete (Last) 12
   - Hos - Mal
4. Geskrifte (Ketuvim) 13
   - Rut, Daniël, Ester
   - Job,Psalms, Spr
   - Pred, Hooglied
   - Klaagliedere ,
   - Esra+Nehemia saam
   - Kronieke 1+2

(**39 Boeke**)

## Protestantse Bybel

(OT)

1. Pentateug (Wet/Torah) 5
   - Gen - Deut
2. Geskiedenisboeke 12
   - Joshua-Kron
3. Wysheidsboeke 5
   - Job,Psalms, Spr
   - Pred, Hooglied
4. Profete
   1. Groot profete 5
      Jes, Jer, KlvJ
      Eseg, Dan
   2. Klein Profete 12
      Hos - Mal

(**39 Boeke**)

**Ons is anders ingedeel, maar <u>presies dieselfde</u> boeke as die Hebreeuse Bybel**

# Struktuur en Uitleg - OT

**Chronologie van die Ou Testament**

| JAARTAL | BYBELSE GEBEURTENISSE | | KULTURE VAN DIE DESTYDSE WÊRELD |
|---|---|---|---|
| Die Ontstaanstydperk | Genesis 1 – 11 | | Die prehistoriese tydperk |
| ong. 2000 v.C.<br>tot | Die Aartsvaders<br>Abraham<br>Isak<br>Jakob | | Die Patriargale geskiedenis gee 'n weergawe van die kulture van Egipte en Mesopotamië |
| ong. 1800 v.C.<br>tot | Josef | | |
| ong. 1400 v.C. | Die Israeliete woon in Egipte | | Die Israeliete deur Egipte verkneg |
| tot | Moses<br>Josua<br>Die Rigters | | Besetting van Palestina<br>Verskillende nasies verdruk Israel |
| ong. 1100 v.C.<br>tot | Samuel<br>Saul<br>Dawid<br>Salomo | | Die omliggende gebiede word deur Israel verower |
| ong. 931 v.C. | Die Verdeelde Koninkryk | | |
| | *Suid*<br>Rehabeam | *Noord*<br>Jeroboam I | Die Siriese Koninkryk 931-732 |
| ong. 875 v.C. | Josafat | Agab | |
| ong. 790 v.C. | Ussia | Jerobeam II | |
| 732 v.C. | | | Die val van Sirië |
| 722 v.C. | | Die val van Samaria | |
| 716 v.C. | Hiskia | | Assiriese oorheersing van Palestina 745-650 |
| 640 v.C. | Josia | | |
| 586 v.C. | Die val van Jerusalem | | Babeloniese oorheersing 625-539 |
| 539 v.C. | Die terugkeer van die Jode | | Medo-Persiese oorheersing 539-331 |
| 520-515 v.C. | Die Tweede Tempel<br>Haggai<br>Sagaria | | |
| 457 v.C. | Esra | | |
| 444 v.C. | Nehemia<br>Maleagi | | |

Ou Testament

(39 Boeke)

# Struktuur en Uitleg - OT

- Bybel is Heilsgeskiedenis of Openbaringsgeskiedenis
- God openbaar Homself aan die mens deur 2 Boeke
  - Die Natuur Rom 1
  - Die Bybel Mat 22:29
- Middellik - Een van die karaktereienskappe van God is dat Hy meeste van die tyd middellik werk, maw deur mense of deur natuurlike gebeure. (Bv 2 Sam 7:17; Spr3:11-12 saam met 1Pet 2:13)
- Deur fisiese wêreldgebeure in die geskiedenis en deur skrywers wat deur God geïnspireer is het die Ou Testament van die Bybel tot stand gekom oor 'n tydperk van ongeveer 1400-1600 jaar en deur ongeveer 40 verskillende skrywers van verskillende tye en verskillende agtergronde.
- Hoekom is die OT belangrik?
  - Jood Christen en selfs Moslem vind oorsprong van hul geloof in OT
  - OT is die basis om die NT te verstaan. NT gebaseer op OT
  - JC het die OT geglo en daaruit gewerk as basis (Mat22:29)
  - Om God se karaktereienskappe te leer ken (Mat 11:29)
  - Om Jesus in die OT raak te sien (Rom 1:2-3)
  - … …ens. ens. - so baie redes waarmee ons kan aangaan ….

# Struktuur en Uitleg - NT



Tronk

Past

**A. Die Chronologiese Indeling**

Baie Skrifverklaarders meen dat Jakobus die oudste boek in die Nuwe Testament is en ongeveer in 45 n.C. geskrywe is.[1]

**DIE BOEKE VAN DIE NUWE TESTAMENT**

| Letterkundige tipe | Titel | Tyd van skrywe* | Skrywer |
|---|---|---|---|
| | Matteus | 55-70 n.C. | Matteus |
| Histories | Markus | 50-68 | Markus |
| (5) | Lukas | 60 | Lukas |
| | Johannes | 85-95 | Johannes |
| | Handelinge | 62 | Lukas |
| | Romeine | 55/56 | |
| Sendbriewe | 1 Korintiërs | 55 | |
| | 2 Korintiërs | 56 | |
| (21) | Galasiërs | 48/49-57/58 | |
| | Efesiërs | 60/61 | |
| | Filippense | 61 | |
| | Kolossense | 60/61 | Paulus |
| | 1 Tessalonisense | 50/51 | |
| | 2 Tessalonisense | 51 | |
| | 1 Timoteus** | 63 | |
| | 2 Timoteus** | 67 | |
| | Titus** | 65 | |
| | Filemon** | 60/61 | |
| | Hebreërs | 65-70 | Onbekend |
| | Jakobus | 45 | Jakobus |
| | 1 Petrus | 63-65 | Petrus |
| | 2 Petrus | 65-67 | Petrus |
| | 1 Johannes | 85-90 | Johannes |
| | 2 Johannes** | 85-90 | Johannes |
| | 3 Johannes** | 85-90 | Johannes |
| | Judas | 67/68-80/85 | Judas |
| Profeties (1) | Openbaring | 90-95 | Johannes |

[1]Ander kommentators reken dat die brief later geskryf is en wel ongeveer in 62 n.C. Indien die vroeër datum korrek is, is die brief slegs 15 jaar na Christus se dood geskrywe.

*Bybelverklaarders verskil oor die tyd van die boeke se ontstaan. Bostaande jaartalle is die benaderde berekening.

**Hierdie briewe is aan individue geskrywe.

# Struktuur en Uitleg (vervolg)

## <u>Opsommend</u>

- OT geskryf oor ongeveer 1600 jaar deur meer as 40 Skrywers
- 400 stiltetyd tussen OT en NT
- NT geskryf oor periode van ongeveer 50 jaar (45-95nC)
- NT was klaar geskryf teen 95nC, maar nog nie saamgevoeg as die NT soos ons dit nou ken nie.
- Die Bybel is basies as volg saamgevoeg
  - OT – Vroeë Christelike kerk het die 39 boeke alreeds jare as gesaghebbend aanvaar. Griekssprekende kerke het Septuagint (wat apokriewe insluit) uit staanspoor aanvaar. Rooms Katolieke het later die apokriewe boeke gelyke status gegee. Met die hervorming (1517 met Luther se 95 stellings) haal hervormers weer die apokriewe boeke uit en erken net die 39 soos ons dit nou het.
  - NT op die sinodes van
    - 393 Hippo Regius en
    - 397 Kartago en hier
    - word finaal besluit dat die 27 boeke soos nou, hulleself gesaghebbend aanbied en deur die kerk erken sal word as kanon.

# Die apokriewe boeke

**Prof Jan van der Watt**
(Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap, Universiteit van Pretoria)

- *Die Wysheid van Salomo*
- *1 Makkabeërs*
- *2 Makkabeërs*
- *Die eerste Brief van Klemens aan die Korintiërs*
- *Die Brief van Polikarpus aan die Filippense*
- *Die Martelaarskap van die heilige Polikarpus*

**Prof Francois Tolmie**
(Departement Nuwe Testament, Universiteit van die Vrystaat)

- *Tobit*
- *Judit*
- *Barug*
- *Die Brief van Jeremia*
- *Toevoegings tot Ester*
- *Toevoegings tot Daniël*
- *Die Wysheid van Ben Sirag*
- *Die Proto-Evangelie van Jakobus*
- *Die Kindheidsevangelie van Tomas*
- *Die Evangelie van Petrus*
- *Die Evangelie van Nikodemus*
- *Die Evangelie van Tomas*
- *Die Evangelie van Maria*
- *Die Handelinge van Paulus*
- *Die Handelinge van Petrus*
- *Die Briewe van Christus en Abgar*
- *Die derde Brief aan die Korintiërs*
- *Die Brief aan die Laodisense*
- *Die Briefwisseling tussen Paulus en Seneka*
- *Die Openbaring van Paulus*
- *Die Openbaring van Petrus*
- *Die Didagé*
- *Die Brief aan Diognetus*

Boeke wat geskryf is en wat nie regtig deur die Jode as gesagvol aanvaar is nie.
(Rom 3:2 Die woorde van God aan die Jode toevertrou)
Ons kan egter heelwat hieruit leer van die geskiedenis veral gedurende die 400 jaar stiltetyd deur bv 1 en 2 Makabeers te lees.

Dis nie ’n geheim nie – daar word niks van ons weerhou nie – Dit is beskikbaar vandag in Afrikaans (danksy Prof Jan van der Watt en Prof Francios Tolmie).

Wanneer U hierdie boeke lees sal u sommer self dadelik agterkom dat dit nie dieselfde gesag dra as die Bybel se kanonieke boeke nie.

Enige vrae oor die struktuur en Uitleg?


Die wêreld van die Ou Testament
Uittog uit EGIPTE
Terugkeer uit BABEL
KLEIN-ASIË
TUBAL
HETIETE
Ararat
ASKENAS
Kaspiese See
Karkemis
Haran
PADDAN-ARAM
Nineve
Kalag
Assur
ASSIRIË
MEDIË
PERSIË
Tifsag
ARAM
Hamat
Resef
Rehobot
Eufraat
Tigris
Siprus
SITTIM
DIE GROOT SEE
Middellandse See
Tirus
Damaskus
Hermon
Ramot
SIRIESE WOESTYN
ISRAEL
Samaria
Jerusalem
DOOIE SEE
MOAB
JUDA
Hebron
GOSEN
Sukkot
Kades-Barnea
Hor
EDOM
Mara
Elim
Refidim
Elat
Sinai
BABEL
BABILONIË
Susan
ELAM
N
Ur
GALDEA
ARABIË
Persiese Golf
Nyl
EGIPTE
Rooisee
160 80 0 160 320 480 km
A.L.


ISRAEL EN DIE MIDDE-OOSTE VANDAG
Odessa
OEKRAÏNE
ROEMENIË
Boekarest
Sofia
BULGARYE
Swart See
RUSLAND
KAZAKSTAN
OEZBEKISTAN
Kaspiese See
GEORGIË
AZERBEIDJAN
ARMENIË
Baku
Istanbul
GRIEKELAND
Ankara
Araratberg
TOERKMENISTAN
Izmir (Smirna)
TURKYE
Tabris
Maimana
Teheran
Aleppo
Mosul
AFGHANISTAN
SIPRUS
SIRIË
LIBANON
Beiroet
Damaskus
IRAN
Middellandse See
Bagdad
IRAK
Jerusalem
Amman
PAKISTAN
Aleksandrië
Kairo
JORDANIË
Basra
Shiras
Koeweit Stad
Bandar Abbas
SINAI
KOEWEIT
Persiese Golf
SAHARAWOESTYN
EGIPTE
SAOEDI-ARABIË
Doha
KATAR
Rijad
Arabiese See
Medina
Aswan
Rooi See
SOEDAN
© CHRISTELIKE UITGEWERSMAATSKAPPY
ERITREA
Kartoem
0 200 400 Myl
0 200 400 600 Kilometer
ETIOPIË
LIBANON
Hermonberg
Tirus
Kirjat-Shemona
SIRIË
Safed
GOLANHOOGTE
Middellandse See
Akko
Haifa
Tiberias
See van Galilea
Megiddo
Nasaret
Bet-San
Jenin
Netanja
Tulkarm
Nabloes
WESBANK
Tel-Aviv
Amman
Ramalla
Jerusalem
Jerigo
Kumraan
Gasa
Hebron
Dooie See
Khan-Junis
En-Gedi
GASA-STROOK
Berseba
El-Arish
Dimona
ISRAEL
JORDANIË
Mizpe Ramon
EGIPTE
Petra
SINAI
Eilat
Rooi See

## Storielyn van die Bybel

Dis tog belangrik dat ons die groot oorhoofse storie  van die Bybel ken.
- Vir onsself
- Vir ons kinders
- Vir ons bedienings (Hospitaal-, Tronk-, Skool-, Werksplek-, Straat- ens.)
- Vir die verstaan van die NT

Here Jesus het ons ook geleer met stories – Gelykenisse - want  Hy het geweet ons sal dit makliker onthou
As ons die storie vd Bybel ken  sal ons weet
- waar elke boek van die Bybel inpas en
- Waaroor elke boek gaan

1Co 10:11  Hierdie dinge het oor hulle (Israeliete) gekom as 'n voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing vir ons wat die einde van die tye al beleef.

Die Israeliete is God se getuies – Hy het hulle gekies en hulle gebruik om as voorbeelde en waarskuwings vir ons te dien.

Vir die verstaan van die NT
- Ons almal ken die stories van
    Noag se Ark en
    Abraham wat vir Isak moes gaan offer het en
    Jona en die vis en

’n klomp ander storietjies wat in die kinderbybels vervat is, maar min van ons grootmense ken stories wat vir ons geloofsgroei belangrik is en wa ook  vir ons opgeteken is. Wie ken bv die stories wat sê Judas van praat.
- Die storie van die Korag en sy bende (Jud 1:11 – Num 16)
- Bileam en sy donkie  - Ja ons ken
- Die aartsengel Migael wat met Satan gestry het oor Moses se liggaam

- Die doop van die Israeliete (1Kor10:1-4)
- Manassa se storie – (2Kon 21:1-16)
- Die soorte verbonde wat ons in die Bybel kry
    - Verlossingsverbond
    - Werksverbond
    - Genadeverbond
    - Verbond met Noag, met Abraham, met Dawid

## Storielyn van die Bybel

Dis tog belangrik dat ons die groot oorhoofse storie van die Bybel ken.
- Vir onsself
- Vir ons kinders
- Vir ons bedienings (Hospitaal-, Tronk-, Skool-, Werksplek-, Straat- ens.)
- Vir die verstaan van die NT

Here Jesus het ons ook geleer met stories – Gelykenisse - want Hy het geweet ons sal dit makliker onthou
As ons die storie vd Bybel ken sal ons weet
- waar elke boek van die Bybel inpas en
- Waaroor elke boek gaan

1Co 10:11 Hierdie dinge het oor hulle (Israeliete) gekom as 'n voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing vir ons wat die einde van die tye al beleef.

Die Israeliete is God se getuies – Hy het hulle gekies en hulle gebruik om as voorbeelde en waarskuwings vir ons te dien.

Vir die verstaan van die NT
- Ons almal ken die stories van
  - Noag se Ark en
  - Abraham wat vir Isak moes gaan offer het en
  - Jona en die vis en

’n klomp ander storietjies wat in die kinderbybels vervat is, maar min van ons grootmense ken stories wat vir ons geloofsgroei belangrik is en wa ook vir ons opgeteken is. Wie ken bv die stories wat sê Judas van praat.
- Die storie van die Korag en sy bende (Jud 1:11 – Num 16)
- Bileam en sy donkie - Ja ons ken
- Die aartsengel Migael wat met Satan gestry het oor Moses se liggaam

- Die doop van die Israeliete (1Kor10:1-4)
- Manassa se storie – (2Kon 21:1-16)
- Die soorte verbonde wat ons in die Bybel kry
  - Verlossingsverbond
  - Werksverbond
  - Genadeverbond
  - Verbond met Noag, met Abraham, met Dawid


Willem Zaaiman 0825565710
PO Box 30650, Sunnyside,0132
TYDSKAAL - BYBEL BOEKE
Page 1-2
307 Jaar
Adam
Abraham (175)
Isak (180)
Jakob (147)
Jakob het 12 Seuns = 12 Nasies
400 Jaar in Egipte / Josef
Moses + 40 Jr. in Woestyn
Joshua Rigters Rut
Samuel
+-4000 vC
±2200 -1900 vC
±1930-1530 vC
±1530-1490vC
±1490 - 1040vC
Gen 1-11 Job
Gen 12-25:18
Gen 25:19 tot Gen 27
Gen 28 Tot Gen 49
Gen 29-49
Gen15:13 Gen 46:8-27 Gen 50 Ex 1:1-7
-1657-1290 Exodus Lev Num Deut
-1400-1100 Joshua -1200-1020 Rigters
-1070-1000 1 Sam1-7 -1050-333 Psalms -1050-538? Rut
2Ki 17:23
Saul 40Jr Hnd13:21
Dawid 40Jr 2Sam5:4
Salomo 40Jr 1Ki 11:42
10 Noord-Israel-Samaria
Konings Regeer N
±722vC Ballingskap Assirië
2 Suid-Juda+Benj Jerusalem
Konings Regeer S
±586vC Ballingsk Babilon
2Ki 25:21
±1040 vC
±1000 vC
±960 vC
931 vC
±925 -735vC
±925-722vC
136jr
±586 vC
-1011-970 1Sam8-15
971-931 1Sam16-31 2 Sam,1Kro
-970-930 1Ki 1-11 2Kro 1-9 Spreuke Prediker Hooglied
-931 1Ki 12:16 2Kro10:1 to 2Kro11:4
Voor B/skap N -931-722 1Ki 13-22 2Ki 1-17 2Kro 11-27 -793-753 Jonah -760-745 Amos -750-722 Hosea
Voor& Gedur N -740-701 Isaiah -734-701 Micah (S) 735-586 - 2 Ki 18-25 South - 2Kro 28-36
Gedur N & Bef S -630-621 Sefanja -626-585 Jeremia +Klaagliede -612-612 Nahum -608-598 Habak -605-536 Daniel
During S -587-570 Ezekiel -586-582 ObnCiah -586 Juda en Benjamin gaan in Ballingskap vir 70 Jr
3/2/2013


Willem Zaaiman 0825565710
PO Box 30650, Sunnyside,0132
TIME SCALE - BIBLE BOOKS
Page 2-2
Kores stuur terug herbou Tempel
±538-515 vC
-539-425 Esr, Neh
-520-515 Hag, Sag
10 North - Never return as a nation
2 South±516vC Return 70Jr later
±515vC Tempel herbou
516 Ballingskap Terugkeer
-515 Joël
-485-465Ester
-450 Mal
“Stil” tyd ±400Jr
Niks geskryf
Jesus Gebore
0 JC
Jesus Dood & Opstn
33 nC
40-50 James
52-55 1-2Kor,Gal,Ths,
55 ROM, 2Kor,
59 Eff, Phil,,Kol
Jerusalem & Joodse Ryk vernietig
40-70 nC
60-70 Judas
61-63 1Tim,Tit
65-68 Mark,1Pet
68 2 Pet
69 Hebr
Bybel klaar geskryf OT & NT
40-96nC
70-80 Matt
70-80 Luk
71-63Acts
90-95 Joh
90-95 1-3 Joh
90-95 Rev
Bybel klaar As Kanon OT & NT
300nC
Tyd van buitengewone wonderwerke basies verby
Geskiedenis van die Kerk
Tydperk van die Kerk
±100 - EINDE
Vandag
2013nC
CHRISTUS TERUG
OORDEEL
NUWE AARDE
? nC
Jr 0 – 2de Koms van JC = Laaste dae

## Volgende keer – 12 Maart 2013

1. Die Ontstaan van die Bybel - Klaar
2. Die Gesag van die Bybel - Klaar
    1. Gesag (Inspirasie)
    2. Interpretasie
3. Struktuur / Uitleg van die Bybel - Klaar
4. Die storielyn van die Bybel - Klaar

5. Die Bybel – Boek vir boek
    1. Genesis - 12 Maart 2013

**Bring saam**
- Bybel waarin u aantekeninge kan maak
- Miskien notaboek

# Huiswerk vir 12/3/2013

- Enigste huiswerk gaan altyd net baie lees wees

- Lees Gen 1-11 – Eerste 2000 jaar
- Lees Gen 12-36 – Aardsvaders
- Lees Gen 37-50 – Josef-storie